

**Dinsdag 11 Oktober**

**Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18**

**Fokusgedeelte: Johannes 1:14**

**Die Woord het vlees geword tot ons redding!**

Johannes beskryf Jesus se geboorte in net 'n paar woorde. Hy gee nie 'n lang storie soos in Matteus en Lukas nie. Hy sê kort en duidelik wat gebeur het: so eenvoudig – die Woord het vlees geword.

Wat beteken dit? Hier bedoel Johannes nie 'n enkele los woord, in die sin van woorde soos ons dit kry in die woordeboek nie. Johannes bedoel 'n bewuste woord, 'n boodskap. Die boodskap van 'n komende redder vir die sondes van God se mense waaraan die mens geen deel het nie. Die boodskap van 'n seun wat gebore sal word om die Vader se kinders te red. God herstel die stukkende verhouding tussen ons en Hom! Hy sorg dat die mensgeworde Woord die verhouding tussen Hom en ons herstel.

Johannes gee dan ook die kern van hierdie boodskap wat vlees geword het. Hy was vol genade en waarheid. Hierdie genade het sigbaar geword in Christus. Hierdie Woord wat vlees geword het, is die absolute waarheid. Alhoewel die wêreld ons vertel dat Jesus nie God was nie, dat Hy nie vir ons sondes gesterf het nie, dat Hy nie uit die dood uit opgestaan het nie, beteken dit niks om die waarheid te verander nie. Christus is gebore om te sterf, sodat ons gebore kan word om te lewe – en dit is die waarheid.

Johannes sê verder dat die Woord, die vergestaltung van genade en waarheid, onder ons kom woon het. Christus is waarlik Immanuel – God met ons. Hy het onder ons kom woon. Die Woord het vlees geword om ons huis toe te bring, om ons terug te bring na die Vader.

Ja, die Woord het vlees geword en sy woning onder ons gemaak. Die Woord het mens geword, en onder ons kom woon.

*Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2*

*Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*